## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
**QR kode op binneblad.**



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Riaan | Botes | 05/17 |
| MJ | Steyn | 05/17 |
| Welna | Croukamp | 05/18 |
| Chanel | Delport | 05/18 |
| Jan | van Heerden | 05/18 |
| Barnardt | Cloete | 05/19 |
| Des | Hagemann | 05/19 |
| Amelia | Boshoff | 05/20 |
| Marinda | Fourie | 05/20 |
| Anel | jv Vuuren | 05/20 |
| Adriaan | Visser | 05/20 |
| Edward | Kriel | 05/21 |
| Daan | le Roux | 05/21 |
| Louise | Steenkamp | 05/22 |
| Sonia | van Jaarsveld | 05/22 |
| Essie | Beyer | 05/23 |
| Chris | Beyers | 05/23 |
| Madie | Haynes | 05/23 |
| Teresa | le Roux | 05/23 |
| Elize | Oosthuizen | 05/23 |
| Frances | vd Westhuizen | 05/23 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

17 Mei 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Pinksterreeks**
10h00 Struisbaai
Spesiale kollekte:
A Brink
Kategese
**Maandag**
18h00 Pinkster Struisbaai
Spesiale kollekte Msinga
**Dinsdag**
18h00 Pinkster Struisbaai
Spesiale kollekte Veritas Msinga
**Woensdag**
18h00 Pinkster Struisbaai
Spesiale kollekte Suidpunt Jeug
**Donderdag**
10h00 Versorgers kom byeen in Struisbaai
18h00 Pinkster Struisbaai
Spesiale kollekte Suidpunt Jeug
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

Ek is op soek na leë klein yoghurtbakkies. Lewer in by die Kerkkantoor of skakel 0827191292 dan sal ek dit by u huis kom haal. Die wat 6 aanmekaar vas is. Dankie. Lida Rossouw.
Ek soek asb weer 1lt jogurtbakkies en enige grootte margarienbakkies.
Merk asb: Marietjie. Baie dankie.

Sondag 24 Mei
10h00 Struisbaai
Pinksterfees
Kategese
Spesiale kollekte:
Bybelverspreiding

**NUWE LIDMATE:** Ons verwelkom belydende lidmate Stiaan, Riana en Anine Dreyer van NGK Swellendam .

DANKIE VIR
1. Alfa– en Proteablok wat sop en broodjies gaan voorsien en bedien van Maandag tot Donderdag.
2. Lida Rossouw, ons ouderling vir Jeug, wat soveel moeite gedoen het met die Moedersdaggeskenkies en die reëlings rondom Moedersdag.
3. Die dekorspan wat gehelp het met die opmaak van die Kerk en voorportaal in Struisbaai en die verwelkoming op Moedersdag. Jessie Franzsen, Plestina Kruger & Lida Rossouw. Die blomme was lieflik gerangskik!
4. André Kotzé se seun, Jean Kotzé, wat 'n vrieskas vir die kerkkombuis geskenk het. Kobus Smith en André Laing, dankie vir die hulp en reëlings vir die vervoer.
5. Almal wat die afkondigings Sondae in die kerk hanteer, in L'Agulhas en in Struisbaai.

**Teksvers:** Rom 8 vers 9:
Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheer nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.

## Ons bid vir...

1. Ds. Franziska, vir haar aanbieding van die kuns- en geloofswerkwinkels en die Pinksterreeks.
2. Ds. Peet Crous wat ook behulpsaam gaan wees by die Pinksterverrigtinge.
3. André en Corneli Brink wat onder die Maasai in Kenia werk.
4. Seën op die uitreik na Msinga en op Veritas Msinga (Opleiding van kerkleiers in Msinga).
5. Jeugbediening in ons gemeente.

Persone wat belangstel om deel te wees van MSINGA-uitreik, 28 Junie tot 10 Julie, kontak asb.vir Kobus Meyer by 084 514 2838.

## Vir ons kinders

### PINKSTER

Tydens Pinkster herdenk ons die uitstorting van die Heilige Gees (soos tonge vuur) oor die gelowiges in Jerusalem. Die Heilige Gees woon in ons liggame. Ons is 'n tempel van die Heilige Gees. Die Gees TROOS ons en Hy LEI ons en gee ons KRAG om te leef vir Jesus, anders te leef as mense wat nie gelowiges is nie - om te leef in gehoorsaamheid aan God en Bybelse waardes na te streef, soos: geduld, vreugde, vrede, liefde, goedheid teenoor ander, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Ons moet ons elke dag oorgee aan die werking van die Heilige Gees in ons en altyd op Hom vertrou vir krag en nie net op ons eie krag staat maak nie. Ons glo in 'n drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Die vlam van die Christuskers wat Sondae in ons gemeente aangesteek word, herinner ons dat die Gees in ons midde is. VUUR is een van die simbole van die Heilige Gees. Kom ons dink aan 'n paar dinge wat vuur gee:

1. Verjaarsdagkersie (vier iemand se verjaarsdag) - net so vier ons ook dat die Gees in ons woon en ons is bly daaroor.
2. Paraffienlamp (bring lig in die donker) - so bring die Heilige Gees, ons trooster, hoop (lig) in donker tye.
3. Vuurtoring (waarsku skepe teen gevaar) - die Heilige Gees is ons gewete wat ons lei om goeie besluite te neem en nie op die "rotse" te beland nie.
4. Gasstofie (maak kos gaar, kook water vir tee/koffie, praktiese nut) - die Heilige Gees herinner ons aan God se Woord en help ons om prakties te groei in die geloof.
5. Kampvuur (samesyn, kuier en stories) - die Heilige Gees bring mense bymekaar, skep eenheid en gee vir ons gawes en geloofstories om mekaar op te bou.
6. Kaggel (gee hitte in die koue winter) - die Heilige Gees gee vir ons die passie in ons hart om warmte vir ander mense te bring en 'n positiewe verskil in die wêreld te maak.
7. Olimpiese fakkel (deursettingsvermoë van atlete) - die Heilige Gees snoei ons en vorm ons sodat ons die uitdagings van die lewe kan trotseer en weerstaan.
8. Veldbrand (vinnig, onbeheerd) - die Heilige Gees werk kragtig en werk soms op so 'n manier dat Hy ons verras. Ons kan dit nie beheer of voorspel nie.

"Weet jy nie, weet jy nie, jy's 'n tempel...jy is 'n tempel van die Heilige Gees!"

## Doen & Deel

### PINKSTER MET IETS EKSTRA

WERKWINKELS - Geniet die Kuns- en geloofwerkwinkels van 18 tot 21 Mei, diegene wat daarvoor ingeskryf het. Dit geskied van 10:00 tot 12:00 by STRUISBAAI. (Besprekings daarvoor moes voor 11 Mei gedoen word ter wille van kunsbenodigdhede wat aangekoop moes word.)
EREDIENSTE tydens Pinkster word gehou in STRUISBAAI. Sondae om 10:00 en Maandag tot Vrydag om 18:00. Die tema: God die Inspirasie.

1. Sondag 17 Mei 10:00 - Rembrandt vertel. Jesus maak die storm stil Mark: 35- 41.
2. Maandag 18 Mei 18:00 - Daar was Lig Gen.1:1- 5 & 1 Kon.8:12 -13.
3. Dinsdag 19 Mei 18:00 - Die Skepper se skeppers Eks.31:1-5 & Eks.28:4 - 8.
4. Woensdag 20 Mei 18:00 - Waar daar geen woorde is nie 1 Kon.19.
5. Donderdag 21 Mei 18:00 - Hernu, Herskep Tit. 3: 4 - 7 & 2 Kor.4.
6. Sondag 24 Mei 10:00 - God die inspirasie Efes. 2: 4 - 10.

### BAIE GELUK!

Arno Crous, seun van ds. Peet en Karin van L'Agulhas het op 8 Mei sy PhD in Siviele Ingenieurswese by Tuks verwerf. Wat 'n prestasie! Ons is saam met julle dankbaar.